Pret by piekniek-partytjie – Paarl Post November 2008

DIE eregaste by die onlangse piekniekpartytjie tussen die perde by AMADO was beslis die spesiale ruitertjies. Die partytjiegangers met normale bene en arms, wat onhandig laaste gekomhet indie rolstoelresies,het vir ewe veel vermaak gesorg as die sokkerspel
sonder optel en dra-reëls.

Die geselligheid is gehou om fondse in te samel vir die ruiters en perde van AMADO. Dank aan Vineyard Spar Suider-Paarl wat die vleis geborg het vir die pot waaraan die gaste tot laatnag kon smul, as ook al die instansies, wynmakers en ander wat items en benodigdhede geborg het
vir die partytjie en die veiling.